## » KAPTEIN VAN DIE SLAGMESSE

Toe ek die artikel van Kappetijn-messe in die September 2014-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER lees, moes ek net my ervaring met ander deel.

Ek was jarelank op soek na 'n goeie slagmes en het verskeie mesmakers genader, maar wanneer ek die spesifikasies uitspel, het ek nie weer van hulle gehoor nie. Na my mening is 'n goeie slagmes 'n werkstuk en nie een wat jy in die kluis bêre om by vriende daaroor te spog nie. Ek wou 'n mes met 'n goedkoop hef hê, maar een wat nie sommer stomp word nadat een kleinerige bokkie geslag is nie. Die lem moet dus die mes se grootste bate wees.

Ongeveer 'n jaar gelede word ek verwys na mesmaker Dennis Kappetijn toe ek vir 'n vriend 'n mes as geskenk wou koop en ek vra toe sommer vir Dennis uit oor die slagmes waarna ek steeds op soek was. Hy was onmiddellik inskiklik om so 'n werksmes vir my te maak.

Intussen het die mes deel van my jagtoerusting geword en in Junie 2014, tydens 'n buffeljag, het ek die geleentheid gekry om dié mes behoorlik te toets. Wat 'n plesier – 'n ware werkesel!

My vriende wag nou vir hulle Kappetijn-bestellings, want sonder ons Kappetijns gaan ons nie hierdie jaar jag nie.

**DRIES LA GRANGE**